Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
Hou buite bereik van kinders.
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
Verkry, lees en volg alle veiligheidsinstruksies voor gebruik.
Moet nie stuifsel, dampe en spuitstof inasem nie.
Was hande en gesig deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.
Vermy vrystelling in die omgewing.
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.
INDIEN INGESLUK: Spoel mond uit. MOET NIE vomering induseer nie.
INDIEN OP VEL: Trek onmiddellik alle besoedelde klere uit. Spoel onmiddellik met water vir etlike minute.
INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Verkry onmiddellik mediese noodhulp.
INDIEN IN OË: Spoel onmiddellik met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense, indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
INDIEN blootgestel of besorg, verkry mediese advies.
Vir spesifieke behandeling verwys na noodhulpbehandeling op hierdie etiket.
Was besoedelde klere voor hergebruik.
Maak stortsel bymekaar.
Berg agter slot en grendel.
Raak ontslae van inhoud en houer volgens nasionale regulasies.

SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG: Keer die leë houer om oor 'n meng- of spuittenk en laat vir ten minste 30 sekondes leegloop totdat die vloei stadiger word tot 'n gedrup. Spoel die leë houer drie maal met skoon water gelyk aan 'n minimum van 30 % van die volume van die houer. Voeg spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Bied houer aan vir herwinning of perforeer dit en raak daarvan ontslae by 'n gemagtigde opvulterrein (www.croplife.co.za). Moenie houer vir enige ander doel gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Tebukonasool (Cas no: 107534-96-3) Akute Giftigheid Mondelings Kategorie 4, H302; Voortplantingsgiftigheid Kategorie 2, H361; Waterlewend Akuut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (25 % m/v).

N,N-Dimetieldekaan-1-amied (Cas no: 14433-76-2) Velirritasie Kategorie 2, H315; Ernstige Oogirritasie Kategorie 2, H319; Spesifieke Teikenorgaan-giftigheid eenmalige blootstelling Kategorie 3, H336; Waterlewend Kronies Kategorie 3, H412 (30 – 60 % m/v).

N-Oktiel Pyrrolidon (Cas no: 2687-94-7) Velinvreting Kategorie 1B, H314; Waterlewend Kronies Kategorie 2, H411 (< 10 % m/v).

NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van 'n ongeluk of as u onwel voel, verkry mediese hulp dadelik en wys ETIKET indien moontlik.

| | |
|--------------------------------------|--|
| INGEASEM: | <ul style="list-style-type: none">• Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe.• MOENIE mond-tot-mond-asemhaling toepas indien die slagoffer die stof opgeneem of ingesem het nie; was gesig en mond voordat kunsmatige asemhaling toegepas word. Gebruik 'n sakmasker toegerus met 'n eenrigtingklep of ander geskikte mediese asemhalingstoestel.• Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Kry mediese hulp. |
| VEL: | <ul style="list-style-type: none">• Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en gaan stort.• Spoel aangetaste areas (vel) met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik.• In geval van brandwonde, koel aangetaste vel ONMIDDELLIK af met koue water vir so lank as moontlik.• Moenie klere uittrek as dit aan die vel vaskleef nie. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur. |
| OË: | <ul style="list-style-type: none">• Spoel oë ONMIDDELLIK met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen.• Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur. |
| OPNEMING: | <ul style="list-style-type: none">• Indien ingesluk MOENIE vomering aanmoedig nie, tensy deur 'n gifbeheersentrum of dokter aangesê word om dit te doen.• Laat persoon slukkies van 'n glas water neem indien in staat om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie.• Indien vomering plaasvind, hou aan vloei-stowwe gee. Kry mediese hulp. |
| NOTA AAN GENEESHEER: | <ul style="list-style-type: none">• Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt. |
| MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE: | <ul style="list-style-type: none">• Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees. |

WEERSTANDSWAARSKUWING

TEBUCURE 250 EW is 'n groeppode (3) swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **TEBUCURE 250 EW** of enige ander groeppode (3) swamdoder het. Indien hierdie swamdoder herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **TEBUCURE 250 EW** of enige ander groeppode (3) swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groeppode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdodergroeppodes,
- raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in swamdodergroeppodes,
- integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die verskaffer van hierdie produk.

WERKINGSWYSE

Tebukonasool (triasool) is 'n FRAC-groep 3, demetieleringinhiberende swamdoder (DMI). Dit is sistemies met beskermende, genesende en uitwissende aksie. Tebukonasool werk deur die selwande van swamme te beïnvloed deur spoorontkieming en swamgroei te onderdruk.

GBRUIKSAANWYSINGS

(Gebruik slegs soos aangedui)

VERENIGBAARHEID:

TEBUCURE 250 EW se verenigbaarheid met ander landbouchemiese produkte kan beïnvloed word deur faktore soos verdunningswater kwaliteit en produk formulasies. Dit word daarom aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd eers uitgevoer word voor vermenging. **TEBUCURE 250 EW** is in die algemeen verenigbaar met nie-alkaliese landbouchemiese middels.

MENGINSTRUKSIES:

Voeg die korrekte hoeveelheid **TEBUCURE 250 EW** by spuittenk halfvol met water terwyl dit geroer word. Vul daarna die tenk met water terwyl geroer word. Meng enige ander produk(te) wat in die tenk gemeng moet word vooraf *afsonderlik* op dieselfde wyse. Terwyl spuittenk geroer word, voeg die voorafgemengde produk(te) in die volgende volgorde by: benatbare poeiers, water oplosbare korrels, suspensiekonsentrate en laastens emulgeerkonsentrate. Maak die spuittenk vol met die benodigde hoeveelheid skoon water terwyl dit geroer word. Roer aanhoudend voor en gedurende toediening. MOENIE die spuitmengsel laat afsak nie en moenie die aangemaakte spuitmengsel vir 'n geruime tyd, bv. oornag, in die spuittenk laat nie. Maak alle toerusting deeglik skoon na gebruik en gooi afvalwater weg sonder om die omgewing te besoedel.

LUGTOEDIENING:

Stel alle inwoners in kennis in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede wat nie onder behandeling is spuit nie en voorkom dat die spuitnewel na hierdie gebiede oorwaai. Maak seker dat die spuitmengsel eweredig versprei word oor die teikenarea en dat verlies aan spuitmengsel tot 'n minimum beperk word tydens toediening. Die volgende vereistes moet gevolg word om bostaande te bewerkstellig:

- 1) Toediening moet gedoen word deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur. Die vliegtuig moet geregistreer en korrek gekalibreer wees volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides).
- 2) Spuitmengsel volume van 30 – 40 l per ha moet gebruik word.
- 3) 40 – 50 druppels / cm² moet van die teikenarea herwin word.

- 4) Die VMD van die druppelspektrum moet 280 – 300 mikron wees. Druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) moet tot 'n minimum beperk word.
- 5) Handhaaf 'n vlieghoogte van 3 m van spuitbalk bo die teiken as windspoed onder 8 km/uur is en 2 m met windspoed van 8 – 15 km/uur.
- 6) Atomiseringsapparaat moet die vereiste druppelgrootte en bedekking produseer en 'n druppelspektrum wat die kleinste moontlike Relatiewe Span bewerkstellig. Atomiseerders moet ook so geplaas word om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg. Hierdie aspekte sal die minste verlies van produk verseker.
- 7) Indien temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihygrometer, 8 °C oorskry, moet toediening gestaak word.
- 8) As windspoed 15 km/u oorskry, moet toediening gestaak word.
- 9) Droë toestande gedurende die hitte van die dag lei tot turbulente en onstabiele omstandighede en toediening moet gestaak word.
- 10) Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - a) swakker siekte beheer vanweë oneffektiewe bedekking veroorsaak deur verdamping en druppels wat in lug bly hang,
 - b) wegdrywing van spuitwolk na nie-teiken areas wat kan lei tot skade van gewasse of besoedeling van sensitiewe areas.
- 11) Maak seker dat die Lugbespuitingsoperateur weet presies watter lande gespuit moet word.
- 12) Versekering van die Lugbespuitingsoperateur moet verkry word dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data vir toekomstige verwysing in 'n logboek saamgevat is.

| TOEDIENINGS TABEL | | |
|---|--|--|
| GEWAS / SIEKTE | DOSIS | OPMERKINGS |
| AARTAPPELS Vroeëroes (<i>Alternaria solani</i>) | Grondtoediening: 75 mL/100 ℓ water Lugtoediening: 500 – 750 mL/ha | Dien toe as 'n voorkomende bespuiting wanneer toestande gunstig is vir vroeëroes ontwikkeling (warm, vogtige weertoestande). Dien ten minste 500 ℓ spuitmengsel per ha toe. Moet nie minder as 375 mL TebuCure 250 EW /ha toedien nie. TebuCure 250 EW moet toegedien word in 'n tenkmengsel met 'n geregistreerde laatroes swamdoder wanneer toestande gunstig is vir laatroes ontwikkeling. TebuCure 250 EW moet nie meer as 5 keer per seisoen toegedien word nie. Dien elke 7 – 10 dae toe OF die toediening kan elke 7 – 10 dae afgewissel word in 'n behandelings-program (nie-DMI swamdoder) wat geregistreer is teen vroeë- en/of laatroes afhange van toestande. Dien toe soos bo in 40 ℓ water/ha. Gebruik die hoër dosis na blomstadium wanneer die blare dig is of wanneer toestande gunstig is vir vinnige vroeëroes ontwikkeling (warm, vogtige weertoestande). |
| BONE (Droë & Groenbone) Bruinroes (<i>Uromyces appendiculatus</i>) | Grondtoediening: 500 mL/ha Lugtoediening: 600 mL/ha | Dien toe as 'n voorkomende voldekbepuiting in nie minder as 500 ℓ water/ha of sodra die eerste simptome waargeneem word. Herhaal toediening elke 10 – 12 dae indien nodig, veral as weerstoestande gunstig is vir siekte ontwikkeling. Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water / ha. |
| DRUIWE: TAFELDRUIWE en WYNDRUIWE Poeieragtige meeldou (<i>Oidium tuckerii</i>) | 30 mL/100 ℓ water | Sluit in 'n voorkomende spuitprogram in, wat elke 10 – 14 dae toegedien word. Begin toediening wanneer lote 5 – 10 cm lank is. Dien toe met 'n voldekbepuiting, verseker deeglike bedekking. Wissel die bespuitings in 'n behandelingsprogram met nie-DMI geregistreerde swamdoders. Tafeldruiwe: Moet nie meer as 6 bespuitings per seisoen toedien nie. Dien toe in 500 – 1500 ℓ/ha, afhange van blaar-area teenwoordig. Wyndruiwe: Moet nie meer as 4 bespuitings per seisoen toedien nie. Dien toe in 300 – 1500 ℓ/ha, afhange van blaar-area teenwoordig. |
| ERTJIES Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe pisi</i>) | Grondtoediening: 50 mL/100 ℓ water Lugtoediening: 300 mL/ha | Dien toe in 500 ℓ spuitmengsel/ha sodra eerste tekens van siekte voorkom en herhaal elke 10 – 14 dae afhange van infeksie. 'n Geskikte benatter/kleefmiddel moet bygevoeg word vir goeie bedekking van blare en om oormatige afloop te verhoed. Moenie meer as 3 bespuitings per seisoen toedien nie. Dien toe soos bo in ten minste 40 ℓ water/ha. |
| GARS Blaarvlek (<i>Rhynchosporium secalis</i>) | Grondtoediening: 500 mL/ha Lugtoediening: 500 mL/ha | Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra eerste simptome waargeneem word of in periode tussen sewe-blaar en vlagblaar stadium. 'n Enkele toediening behoort voldoende te wees vir beheer. Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha. |
| Blaarroes (<i>Puccinia hordei</i>) | Grondtoediening: 750 mL/ha Lugtoediening: 750 mL/ha OF 500 mL TebuCure 250 EW /ha Plus 250 mL CONSTRUCTOR 250 EC /ha | Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra eerste simptome waargeneem word. Herhaal behandeling na ongeveer vier (4) weke indien simptome weer voorkom. Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha. Dien toe sodra eerste simptome waargeneem word en herhaal 3 – 4 weke later, indien nodig. Grondtoediening: Dien toe in 300 ℓ water/ha. Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water/ha. |

| | | |
|---|---|--|
| <p>Ringvlek (<i>Selenophoma donacis</i>)</p> <p>Oogvlek (<i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 900 mL/ha</p> | <p>RINGVLEK Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra eerste simptome waargeneem word veral vanaf vlagblaar tot aarverskyning stadium. Onder hoë siektedruk toestande word 'n tweede toediening 3 – 4 weke later aanbeveel.</p> <p>OOGVLEK Dien toe in 300 ℓ water/ha in die periode tussen sewe-blaar en vlagblaar stadium. 'n Enkele toediening behoort voldoende te wees vir beheer.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> |
| <p>Netvlek (<i>Pyrenophora teres</i>) (<i>Helminthosporium</i> spp.)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 900 mL/ha</p> <p>OF</p> <p>500 mL TebuCure 250 EW/ha Plus 250 mL CONSTRUCTOR 250 EC/ha</p> | <p>Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra eerste simptome waargeneem word, veral vanaf vlagblaar tot aarverskyning stadium. Onder hoë siektedruk toestande word 'n tweede toediening 3 – 4 weke later aanbeveel.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> <p>Dien voorkomend toe, of sodra eerste simptome waargeneem word, veral vanaf vlagblaar tot aarverskyning stadium. Onder hoë siektedruk toestande word 'n tweede toediening 3 – 4 weke later aanbeveel.</p> <p>Grondtoediening: Dien toe in 300 ℓ water/ha. Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water/ha. Sal ook <i>Ramularia (Ramularia collo-cyni)</i> onderdruk.</p> |
| <p>Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe graminis</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 750 mL/ha</p> | <p>Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra eerste simptome waargeneem word. Herhaal behandeling na ongeveer vier (4) weke indien simptome weer voorkom.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> |
| <p>GRANATE Alternaria vrugvrot (<i>Alternaria</i> spp.)</p> | <p>80 mL/100 ℓ water</p> | <p>Dien toe as 'n voorkomende behandeling gedurende blomstadium. Drie toedienings, in 14 dae intervalle, kan op 'n seisoen se vrugte gemaak word. Finale toediening wanneer eerste vrugte 20 mm deursnee bereik.</p> |
| <p>GRONDBONE Blaarvleksiectes <i>Cercospora arachidicola</i> & <i>Cercosporidium personata</i></p> <p>Spatselvlek (<i>Phoma arachidicola</i>)</p> <p>Bruinroes (<i>Puccinia arachidis</i>)</p> | <p>Grondtoediening: <u>Droëland:</u> 400 mL per 10 000 m ry lengte</p> <p><u>Besproeiing:</u> 600 mL per 10 000 m ry lengte</p> <p>Lugtoediening: <u>Droëland:</u> 500 mL/ha</p> <p><u>Besproeiing:</u> 750 mL/ha</p> | <p>Dien toe in 500 ℓ water per 10 000 m ry lengte of per ha as 'n voorkomende behandeling wanneer eerste tekens van infeksie opgemerk word. Herhaal toediening elke 10 – 14 dae. Dien 4 – 5 bespuitings toe per seisoen. 'n Geskikte benatter/kleefmiddel moet by die spuitmengsel gevoeg word om deeglike benatting van bogrondse groei te verseker.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 40 ℓ water/ha.</p> |
| <p>HAWER Kroonroes (<i>Puccinia coronata</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 500 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 500 mL/ha</p> | <p>Dien toe in ten minste 300 ℓ water/ha sodra eerste siekte simptome waargeneem word.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> |
| <p>KORING</p> <ol style="list-style-type: none"> Dien TebuCure 250 EW toe met eerste tekens van besmetting voordat 'n besmettingsvlak van 5 % bereik is. Vir koring word 'n tweede toediening, 21 dae later aanbeveel vir aanplantings met 'n hoë oes-potensiaal. Dit is veral belangrik in gevalle waar ander siektes later in seisoen ontwikkel of waar die eerste toediening vroeg (eerste node stadium) aangewend is. | | |
| <p>Oogvlek (<i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 750 mL/ha</p> | <p>Dien toe in 300 ℓ water/ha by eerste- of tweede- node stadium.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> |
| <p>Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe graminis</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 750 mL/ha</p> <p>OF</p> <p>500 mL TebuCure 250 EW/ha Plus 250 mL CONSTRUCTOR 250 EC/ha</p> | <p>Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra simptome waargeneem word, maar nie later as die vlagblaar stadium nie. Herhaal toediening 3 – 4 weke indien simptome weer voorkom.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> <p>Dien toe in sodra simptome waargeneem word, maar nie later as die vlagblaar stadium nie. Herhaal toediening 3 – 4 weke later indien simptome weer voorkom.</p> <p>Grondtoediening: Dien toe in 300 ℓ water/ha. Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water/ha.</p> |

| | | |
|---|---|--|
| <p>Vaalblaar (<i>Septoria tritici</i>)</p> <p>Streeproes (Geelroes) (<i>Puccinia striiformis</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 625 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 750 mL/ha</p> | <p>VAALBLAAR Dien toe in 300 ℓ water/ha. Toediening moet nie later as verskyning van vlagblaar geskied nie.</p> <p>STREEPROES (GEELROES) Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra simptome waargeneem word. Herhaal toediening indien simptome weer voorkom.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> |
| <p>Blaarroes (<i>Puccinia recondita</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 900 mL/ha</p> | <p>Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra simptome waargeneem word, maar nie later as die vlagblaar stadium nie. Herhaal toediening indien simptome weer voorkom.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> |
| | <p>OF</p> <p>500 mL TebuCure 250 EW/ha Plus 250 mL CONSTRUCTOR 250 EC/ha</p> | <p>Dien toe sodra simptome waargeneem word, maar nie later as die vlagblaar stadium nie. Herhaal toediening 3 – 4 weke later indien simptome weer voorkom.</p> <p>Grondtoediening: Dien toe in 300 ℓ water/ha. Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water/ha.</p> |
| <p>Bruinaarsiekte (<i>Septoria nodorum</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 900 mL/ha</p> | <p>Dien toe in 300 ℓ water/ha vanaf tweede node-stadium maar nie later as aarverskyning nie.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha.</p> |
| <p>Stamroes (<i>Puccinia graminis f.sp. tritici</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 825 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 950 mL/ha</p> | <p>Dien toe in 300 ℓ water/ha sodra simptome waargeneem word, maar nie later as die vlagblaar stadium nie. Herhaal toediening indien simptome weer voorkom.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water/ha. Let daarop dat vir effektiewe beheer van stamroes is goeie bedekking van die plant, veral die stam, krities. Indien lugtoediening onvoldoende bedekking van stamme bewerkstellig, veral by digbeplante koring en as na die vlagblaar stadium toegedien word, sal stamroes beheer beperk wees.</p> |
| <p>MANGO'S Poeieragtige meeldou (<i>Oidium mangiferae</i>)</p> | <p>20 mL/100 ℓ water</p> | <p>Begin toedienings sodra eerste simptome opgemerk word en herhaal 10 – 14 dae tot 100 % blomblaarval. Normaalweg word eerste toediening aangewend wanneer 50 % blomme oop is en besmetting begin. Verdere 2 – 3 bespuitings kan toegedien word, afhangende van weerstoestand en egaligheid van die blomperiode. Dien toe as 'n volle dekttoediening en verseker dat die blomtrosse deeglik benat word.</p> |
| <p>MIELIES & SUIKERMIELIES</p> <p>Grysblaarvlek (<i>Cercospora zae-maydis</i>)</p> <p>Noordelike blaarskroei (<i>Setosphaeria turcica</i>)</p> <p>Roes (<i>Puccinia sorghi</i>)</p> | <p>800 mL/ha TEBUCURE 250 EW</p> <p>PLUS</p> <p>400 mL/ha CONSTRUCTOR 250 EC</p> | <p>Dien die eerste toediening van die TEBUCURE 250 EW-tenkmengsel tydens groeistadium 31 (eerste nodus waarneembaar bo die grondoppervlak, ook beskryf as die 5 - 6 blaar stadium) toe. 'n Tweede toediening word ongeveer drie weke later aanbeveel, tydens groeistadium 51 (tossel waarneembaar).</p> <p>Onder toestande van voortgesette hoë siektedruk word 'n derde toediening 3 – 4 weke later, met 'n alternatiewe geregistreerde swamdoder*, aanbeveel.</p> <p>In sekere gebiede en onder spesifieke toestande, wanneer lae siektedruk verwag word, kan 'n enkele toediening van die TEBUCURE 250 EW tenkmengsel by die 5 - 6 blaar stadium toegedien word. As toestande verander na hoë siektedruk, word dit aanbeveel om na die program hierbo te verander.</p> <p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe as 'n voldekbepuiting in 300 tot 500 ℓ water per hektaar.</p> <p>Handgedraagte roterende skyf toediener: Gebruik 50 tot 70 ℓ water per hektaar.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Dien toe in 30 - 40 ℓ water per hektaar. Verwys na "Lugtoedieninginstruksies" hierbo.</p> |
| <p>WAARSKUWING: MIELIETOEDIENINGS: Die risiko van gestremde kopontwikkeling of "Arrested Ear Syndrome" (AES) op mielies neem dramaties toe wanneer enige toedienings (gewasbeskermingsprodukte, kunsmis, blaarvoeding, byvoegmiddels, ens.) tussen die V10 – VT (10^{de} blaar tot pluim verskyning) stadiums toegedien word. Toedienings tussen die V10 – VT groeistadiums van die gewas moet sover moontlik vermy word.</p> | | |
| <p>SITRUS Nawels, Clementines en Minneola Tangelos</p> <p>Nawel-end verrotting (Swart kernverrotting) (<i>Alternaria alternata f.sp. citri</i>)</p> | <p>80 mL/100 ℓ water</p> | <p>Dien twee bespuitings toe beginnende by 50 % blomblaarval en daarna by 100 % blomblaarval. Dien toe as 'n medium dekbespuiting (± 20 ℓ spuitmengsel per boom afhangende van boomgrootte).</p> <p>Let wel dat weens onegalige blom oor 'n verlengde tydperk en onvoorspelbare weersomstandighede tydens dié periode, mag varierende siekte beheer verkry word wat nie aan uitvoer standarde voldoen nie.</p> |

| | | |
|---|--|--|
| <p>Nawels Nawel-end verrotting (Swart kernverrotting) (<i>Alternaria alternata</i> f.sp. <i>citri</i>) en vermindering van die grootte van nawel-end openinge.</p> | <p>80 mL/100 ℓ water + 1.3 mL AVI-AMINE 720 (L1087)</p> | <p>Dien mengsel toe tydens vol-blom as 'n enkele toediening. Dien toe as 'n medium dekbespuiting (± 20 ℓ spuitmengsel per boom afhangende van boomgrootte). Let wel dat weens onegalige blom oor 'n verlengde tydperk en onvoorspelbare weersomstandighede tydens dié periode, mag variërende siekte beheer verkry word wat nie aan uitvoer standarde voldoen nie.</p> |
| <p>SOJABONE Roes (<i>Phakopsora pachyrhizi</i>)</p> | <p>Grondtoediening: 750 mL/ha</p> <p>Lugtoediening: 1000 mL/ha</p> | <p>Dien toe in 300 – 500 ℓ water/ha, afhangende van plantgrootte en digtheid, by eerste voorkoms van simptome en herhaal 14 – 21 dae later. Onder gunstige weerstoestande (15 – 28 °C en hoë vogtigheid) spuit teen korter interval. By siektevoorkoms tydens blom of vroeë peulvul sal meer as een bespuiting nodig wees. By siektevoorkoms laat in seisoen sal een bespuiting voldoende wees. Verseker deeglike bedekking van hele plant.</p> <p>Dien toe soos bo in ten minste 40 ℓ water/ha.</p> |
| <p>TAMATIES Vroeë roes (<i>Alternaria solani</i>)</p> | <p>75 mL/100 ℓ water</p> | <p>Dien toe 5 – 12 ℓ spuitmengsel/100 m ry lengte afhangende van planthoogte en blaardigtheid. Verseker deeglike bedekking van loof. Begin toedienings sodra heel eerste tekens van vroeë roes opgemerk word. TebuCure 250 EW moet toegedien word in 'n tenkmengsel met 'n geregistreerde laatroes swamdoder wanneer toestande gunstig is vir laatroes ontwikkeling. TebuCure 250 EW moet nie meer as 5 keer per seisoen toegedien word nie. Dien toe elke 7 – 10 dae of die toediening kan elke 7 – 10 dae afgewissel word in 'n behandelingsprogram (nie-DMI swamdoders) wat geregistreer is teen vroeë- en/of laatroes, afhangende van toestande.</p> |
| <p>UIE Alternaria-vlek (<i>Alternaria porri</i>)</p> | <p>150 mL/100 ℓ water</p> | <p>Dien toe teen 500 ℓ spuitmengsel/ha sodra eerste tekens van siekte opgemerk word. Herhaal met 7 – 14 dae intervale afhangende van graad van infeksie. 'n Geskikte benatter/kleefmiddel moet verkieslik bygevoeg word om goeie bedekking van blare te verseker of oormatige afloop te verhoed. Moet nie meer as 6 bespuitings per seisoen toedien nie. Nie vir gebruik op sprietuie nie.</p> |

AVI-AMINE 720 (L1087, Wet 36 van 1947) is 'n geregistreerde produk van AVIMA (PTY) LTD.

CONSTRUCTOR 250 EC (L10457, Wet 36 van 1947) – Pyraclostrobin 250 g/ℓ is 'n geregistreerde produk van ICA International Chemicals.

* Gebruik slegs geregistreerde produkte soos geregistreer in spuitprogramme.